

ONS STAD, BLOEMFONTEIN DONDERDAG 29 JANUARIE 2004 Bl. 12

SAKENUUS

Party betoog teen 1c-sopies

Marietjie Gericke

SLAGGEREED vir die betoging van die jaar. Hiervoor het sy die toestemming van die Mangaung-stadsraad en die polisie wat op bystand sou wees, asook God se engele om haar en ander betogers te beskerm, het mev. Martha Dean, woordvoerder van die African Christian Democratic Party (ACDP) in die Vrystaat, gesê oor die toi-toi wat sy vir gisteraand voor die nagklub Reds in Nelson Mandelarylaan se deure beplan het.

Sy het een en almal in Bloemfontein uitgenooi om te gaan betoog teen die goedkoop sopies van 1c per dop wat op Woensdagaande by Reds aan jong mense verkoop word.

Dean het Bloemfonteiners genooi om met plakkate op te ruk na die nagklub waar betoog sou word teen die chaotiese gevolge van alkoholmisbruik en dwelmverslawing. Sy het ook alle kerke in Bloemfontein genooi om minstens een of twee verteenwoordigers te stuur sodat gebid kon word vir die jong mense in die nagklub.

Dean het hiervoor die steun van dr. Johann Dannhauser gehad, wat al drie jaar kla oor die geraas by Reds. Ook die polisie ondersteun haar in die saak, het Dean teen druktyd van Ons Stad gesê.

Intussen sê mnr. Luigi Lupacchini, eienaar van Reds, in 'n brief aan Ons Stad : "Die ACDP se politieke aspirasie oorskadu hulle logika en Christenskap. Indien dié party en ondersteuners voel dat die verkoop van alkohol (vir enige prys) onwettig behoort te wees, is die opsie oop vir hulle om die wet te verander. Tot dusver is daar geen wetgewing wat die pryse waarteen alkohol verkoop word of die hoeveelhede wat verkoop word, reguleer nie."

Hy sê: "Reds, 'n gelisensieërde perseel, ondersteun verder die beginsels van verantwoordelike drinkery wat die volgende insluit: dat drankverkope eindig vele ure voordat die deure toemaak, die drink van water, wat gratis verskaf word, word aangemoedig, mense word aangeraai om in groepe uit te gaan en 'n gekose mens moet optree as bestuurder en oppasser vir die res van die groep. Klante kan verder net een ronde op 'n slag aankoop wat verseker dat daar geen vraatsugtige inname in 'n kort tydperk sal plaasvind nie.

"Ja, ons ondersteun die verstandige en verantwoordelike gebruik van drank enige tyd bo die gebruik van dwelms. Alkoholisme vloei voort nie uit die wisselvallige sosiale gebruik van drank nie, maar uit baie dieper emosionele en sielkundige probleme. "

Lupacchini sê: "Verder is ek seker as jy jou beursie, bedkassie en lessenaarlaai leegmaak, jy nog 'n paar 1cof 2c-stukke sal kry. Ons kry ons s'n somer van die bank.

"Dit blyk hierdie splinter is heelwat kleiner as die balk in hulle oë. Miskien sal mense in die vervolgers 'n bietjie inligting bekom voordat hulle hulself so in die publiek verspreek. Om jou medemens so in die openbaar te vervolg en te na kom vir jou eie gewin is teenstrydig met wat ons die Bybel gelees het. Wen jou politieke stryd op jou eie meriete. "

Dean sê op haar beurt sy tree in die belang van baie jong mense van Bloemfontein op en dit sal 'n sonde wees as sy niks aan hierdie saak doen nie.

Die ACDP is ook op hoë vlak besig om 'n versoek tot die parlement te rig teen die verkoop van spotgoedkoop drank aan jong mense. "Wat wil Reds nou eintlik daarmee bereik? 'n Mens kan maar net wonder." vra sy.

Foto : Kleur :

Opleiding ontvang

KELNERS by die Cafe Dulcé in die Brandwagsentrum in Bloemfontein het opleiding ontvang om met gestremde klante te werk. Dié opleiding is deel van 'n nasionale projek van die restaurantgroep om restaurants geriefliker te maak vir mense met gestremdhede. Elke kelner het ná die opleiding 'n sertifikaat ontvang. Van links is me. Brigid Ryall , bemarkingsbestuurder van Dulcé, me. Esmé Hattingh, 'n blinde klant wat gehelp het met die opleiding, en Jeandré Snyman, kelner.

Foto: Gerhard Louw

Reuse-verjaardagkoek deel van UV-makietie

DIE eeufeesvieringe van die Universiteit van die Vrystaat (UV) het gister begin met 'n verjaardagpartytjie wat nog min in Bloemfontein gesien het.

Die hoogtepunt van die partytjie was die versiering van 'n koek van 100 m2 laatmiddag voor die hoofgebou deur al die personeel en studente.

Elke departement en koshuis is die geleentheid gegee om iets eie aan homself op die koeke uit te beeld. Die koeke is in die vorm van 'n mosaïek gepak om een groot koek te vorm. Ná afloop hiervan is 100 kerse aangesteek en 'n kort verjaardagseremonie is gehou.

Die verjaardagpartytjie sal opgevolg word deur 'n toewydingsgeleentheid wat Sondag van 19:00 tot 20:00 voor die hoofgebou op die kampus gehou word. Musiek en sang is deel van hierdie gewyde plegtigheid.

Dit is die eerste keer dat verteenwoordigers van die UV se drie kampusse -- naamlik die hoofkampus, Qwaqwa-kampus en Vista-kampus -- gesamentlik feesvier.

Maak seker van sekuriteit

WOONSTELLE is weer in die mode met stapelontwikkelings in Kaapstad in groot aanvraag en woonstelle in Sandton, Pretoria en Durban wat weer voorkeur geniet onder stralejakkers en reisende sakemanne sowel as eerste huiskopers.

Die keuse om 'n woonstel te koop is dikwels gegrond op die idee dat dit veiliger is as die meeste ander huise, sê kenners by Homenet, Suid-Afrika se grootste eiendomsagentskapgroep. Sekuriteit is deesdae so 'n belangrike kwessie dat dit nooit as vanselfsprekend aanvaar moet word nie.

"Moderne woonstelblokke het gewoonlik elektroniese veiligheidsdeure en ondergrondse parkering,

terwyl 'n heeltydse portier of sekuriteitswag dikwels diens doen, maar booswigte word ook al hoe meer gesofistikeerd en elke woning is kwesbaar.

"Gevollik moet inwoners self ook seker maak dat die veiligheid van hul stapelwoningen in stand gehou word," sê Homenet.

Verstandige veiligheidsmaatreëls sluit in:

. Hou toegangsdeure te alle tye toe en moet nooit toelaat dat vreemdes agter jou "inluip" wanneer jy die gebou betree nie. . Maak seker van die identiteit van mense wat jou toegangsklokkie lui voordat jy hulle in die gebou toelaat.

. Leer jou bure ken sodat jy weet wie hoort in die gebou en sodat jy vreemdelinge wat in die gange rondslenter of by ander woonstelle in- en uitstap by die sekuriteitswag kan aanmeld.

. Stel die wag in kennis wanneer jy 'n tyd lank nie tuis gaan wees nie en reël dat jou pos uitgehaal en bewaar word.

Kopers wat na 'n woonstel soek, moet seker maak hulle koop een in 'n blok wat net een ingang na die ingangsportaal het, sê Homenet.

Dis nog veiliger as die portaal klein is. Dit maak dit makliker vir die portier, wag of inwoners om onbekende gesigte en/of drentelaars raak te sien.

Moet nooit die veiligheidsmaatreëls van 'n gebou oor die hoof sien net omdat jy van een van die woonstelle hou nie.

Kyk na die veiligheid van die omliggende gebied en strate, stel vas of die beligting binne en buite die gebou voldoende is, en kyk hoe goed die hysbakke, tuine en ander gemeenskaplike areas onderhou word om 'n indruk van jou moontlike nuwe bure te vorm.